

Onze Jan

UITGAWE 2, JUNIE 2025

AMPTELIKE SKOOLKOERANT VAN HOËRSKOOLO JAN VAN RIEBEECK

Matriekdans: 'n binneperspektief

**Reünienaweek:
meer as net sport**

**Jander: nuwe
liefdesmoontlikhede?**

R&J agter die skerms

**Phillip en Chloe: liefde op
én af van die dansvloer**

**Hoe verloor 'n mens 'n
Jannie in 10 dae?**

**Lees ons Poort-
boffins se skryfwerk!**





REDAKTEURSBRIEF

Liefste mede-Jan van Riebeeckers

Julle het oorleef! Die helfte van die jaar is verby, en die matrieks het nog net ses weke van skool oor! Hierdie kwartaal was nie maklik nie. Dit het met 'n slag begin toe ons 'n pragtige aand van mooi rokke en samesyn by die matriekdans ervaar het. Tussendeur langnaweke en weeklange vakansies (wat nie lank genoeg was nie) het die Jan van Riebeeckers besig gebly met sportverpligtinge en kultuurprestasies van formaat. Die aanloop tot reünienaweke het opwinding laat bou en dit was op die ou end vet pret vir almal betrokke.

Ná reünienaweke was daar nog 'n paar weke tyd vir tone tel en grappies maak, maar kort voor lank is dit daardie tyd: Ons begin meer praat oor ons leerwerk as ons naweekplanne, en die eerste eksamen van die jaar is op ons ...

Hierdie eksamen was laaaaaank. Mense het mal geraak. Kamers is rondgeskuif, mense het skielik begin bak, mense het begin draf eerder as om te leer, sommige het selfs in die see begin swem in die hartjie van winter! Almal het hulle eie maniere gevind om eksamenstres te hanteer. Ek het byvoorbeeld 'n obsessie met tee ontwikkel (ek het ophou tel toe ek deur 'n boks van 80 teesakkies binne twee weke gaan), en ek het 'n hele paar mense gesien wat ná elke oefenvraestel in hulle kamers op hulle kop probeer staan om die bloedvloei weer aan die gang te kry.

Maak nie saak watter vreemde strategieë jy gebruik het nie, as jy tans hierdie lees, beteken dit jy het dit gemaak! En of jy nou hierdie hele koerant van voor tot agter lees die oomblik wat jy dit ontvang, of net dadelik na bladsy 18 gaan om te kyk wie in die Skelmpie is, geniet die stories. Belangrikste van alles: Geniet die vakansie! Slaap baie en doen iets aktief, maar maak seker jy is lekker uitgerus teen 22 Julie, want die derde kwartaal is nóg besiger as wat hierdie een was!

Stella Malan



REDAKSIE:

Stella Malan (redakteur)

Lara-Lisa Senekal (subredakteur)

Memorie Ajuluchukwu

Liela Simpson

Nayla Walker

Luca Zulch

Cara Swanepoel

Albert Griesel

Leah de Kock

UITLEGSPAN:

Stella Malan

Clarize Strydom

Mia Fouché

Nia Dookens

Emke van Wyk

Elsabé Scholtz

Katia van Wyk

FOTOGRAWE:

Stella Malan (voorblad)

Juf. Cara Venter

Lukas Wasserman



MATRIEKDANS

2025

Stella Malan

Ons het grys geword. Ons het ons naels gekou. Ons het ons harte vasgehou. Ons moed was in ons skoene. Ons koppe het gehang. Ons het ons tande stomp gekou. Ons het in sak en as gesit. Ons het ons hare uitgetrek. Ons was platsak. Ons het lang trane gehuil.

Dié matriekdans was die mees senutergende in jare, vir 'n paar redes. Daar was enkele meningsverskille oor die venue. Die huidige matrieks het help beplan aan laasjaar se matriekafskeid en het gesien hoe pragtig Suikerbossie kan wees. Toe ons uitvind dat dit in die skoolsaal gehou gaan word, soos elke ander skooldans, was almal nie dadelik oortuig nie. “Ek sien die skool elke dag van die week, ek wil net een dans hê wat nie by die skool is nie,” se Donnagene Lings, en baie het met haar saamgestem. Die datum was ook 'n kwessie van kommer. Almal het nie saamgestem met die feit dat die nie nét vroeg in die jaar gehou word nie, maar ook op 'n Maandagaand in die skoolvakansie. Dan was daar nog die normale goed ... Wie gaan my metgesel wees? Met watter kar gaan ek inry? Wat gaan ek dra? Op die oggend van die matriekdans kyk ons ook bekommerd na buite en sien grys wolke wat laag en dik hang: Daar gaan ons rokke, ons hare, ons grimering en ons oopdakkarre waarvoor ons duisende rande betaal het.

Nie een van ons vrese is bewaarheid nie. Die ouers en onderwysers het mekaar nie doodgemaak nie (ek het nie eens gehoor van enige beserings nie). Dit het ophou sous minute voor ons begin instap het. Byna almal het mooi gelyk en wonder bo wonder het die meeste selfs metgeselle gekry (sommige het selfs twee gebring!). Die datum was nie die einde van die wêreld nie, en die skoolsaal het so goed gelyk soos enige skoolsaal kan. Liela Simpson som dit baie goed op: “Dit was pragtig gedoen met die egte gevoel dat ons amper klaar is met ons skoolera in ONS skool. Dit het die matriekafskeid en die viering geassosieer met ons skool en die herinneringe wat daar geskep is.”

Uiteindelik moes almal, ook dié wat aanvanklik sinies was, erken: Dit was 'n spesiale aand. 'n Aand waar alles konstant gehuiwer het op 'n afgrond. Maar die weer was mooi, ons was mooi, ons metgeselle was mooi, en ons rokke was mooi. Dit was 'n aand wat ons nooit sal vergeet nie.

- Die mees stresvolle oomblik was toe ek agterkom my hakskoene gee my verskriklike blase ('n uur voor die matriekdans) - Liela Simpson
- Die mooiste deel was om almal se rokke te sien, elkeen het so mooi by hulle persoonlikhede gepas - Phoebe Vorster
- My gunstelingdeel van die aand is toe ek na die tyd in die donker terugry huis toe teen 'n baie vinnige spoed - Cecil Rosta
- Ek was baie kwaad toe die nagereg te vinnig weggevat is - Lara-Lisa Senekal
- Die beste deel van die aand was om vir Meneer Cronje te sien dans - Liam van Wyk
- 'n Bergie het amper my rok en my skoene en alles 'n uur voor tyd gesteel. My ma het gestop by die winkel met alles in die kar en die agterste venster oopgelos - Lara-Lisa Senekal
- My minste gunstelingdeel was toe die DJ Baby Shark begin speel het - Nicole du Bruyn
- Die slegste deel van die matriekdans is dat dit verby is - Klara von Lieres



'n Naweek van geskiedenis en gees

Albert Griesel

Die reünienaweek was 'n daverende sukses en het weereens bewys waarom ons skool se naam so hoog gehou word! Van sportprestasies tot musiek en sosiale byeenkomste het ons die reënerige weer trotseer en ons staal gewys.

Die naweek het Donderdag al op 'n hoë noot afgeskop met 'n betowerende kultuuraand. Leerders, alumni en ouers het aanskou hoe ons musiekleerders vermaak bied met 'n verskeidenheid talentvolle optredes. Van klassieke stukke tot moderne treffers het op die musiekaand die skoolsaal gevul met pragtige klanke en 'n gevoel van eenheid. Dit was wonderlik om te sien hoe musiek mense van alle ouderdomme bymekaar bring.

Vrydag het die gravitas van die naweek werklik begin word by die spanvoorstelling, oftewel 'Big Brag', in die skoolsaal. Ons was geëerd om die befaamde argitek, Henry Fagan, as ons gasspreker vir die geleentheid te kon hê. Ons alumni het ook die skool besoek en het kans gekry om bande te skep met die nuwe generasie Jan van Riebeeckers.

Saterdag was die pawiljoene gevul met energie en geesdrif tydens die jaarlikse sportdag. Ons sportspanne het die skool se naam hoog gehou deur byna al die netbal-, hokkie- en rugbywedstryde teen Curro Langebaan te wen.

Ons netbalmeisies het Saterdag hul staal gewys en vir die Langebaners die knie laat buig deur hulle met 'n telling van 34-5 huis toe te stuur. As gevolg van die nat omstandighede moes party wedstryde na die skoolsaal en ander na St. Cyprian's se binnehuise netbalbaan verskuif word.

Al ons rugbyspanne wat gespeel het, het die manne van die Weskus geklop. Ons eerstespan het, in 'n stryd tot die bittereinde met die hele skool wat met opgehoue asem die spel dophou, 'n 11-5-oorwinning ingepalm. Wel gedaan aan al die spelers en afrigters vir 'n onvergeetlike dag op die veld!

Vrydagaand was dit die hokkiespelers se beurt om te skitter. Ons eerstespanmeisies bring die beker huis toe met 'n 2-0-oorwinning, maar die seuns moes met 'n telling van 0-2 in die Curro-spelers se guns tevrede wees.

Die reünienaweek was veel meer as net 'n reeks gebeurtenisse; dit was 'n viering van ons skool se ryk geskiedenis, sy mense en die blywende gees wat ons almal verbind. Die sukses van die naweek is 'n bewys van die harde werk en toewyding van die ondersteuners, alumni, onderwysers, leerders en almal wat deelgeneem het. Ons sien alreeds uit na volgende jaar s'n!





Blyspel word 'n glyspel

Stella Malan

Openingsaand. Afwagting. Gespanne akteurs. En op die ou end applous. Dit klink idillies, so eenvoudig. Maar het jy geweet ...

Luboneni het elke keer wat hy op Grease Lightning agtertoe moes hardloop, gegly en vyf sekondes laat begin sing.

Ganeesha het by die kleedrepetisie geval en haar arm beseer nadat Mo-esha en Jana net ná mekaar geval het.

Die verhoog was nat as gevolg van die rookmasjien, so op openingsaand het Remini (die hoofkarakter) en sy sustertjie geval, en Juliana het in haar hoë hakke 'n paar keer amper in haar geliefde se voetspore gevolg.

Die snaakse flaters wat op die planke gebeur het, is egter nie al wat sy gaan onthou nie, sê Ayden, wat die rol van Juliana (die hoofkarakter), vertolk het. Die sin van gemeenskap en die nuwe vriende waarmee 'n mens wegstap nadat jy aan 'n musiekblyspel deelgeneem het, bly lewenslank by jou, sê sy.


Wanneer gevra hoe sy gevoel het nadat sy gehoor het dat sy die hoofrol gaan vertolk, helder Ayden se gesig sommer weer op. "I was over the moon, I was so so happy." Die enigste hartseer was dat dit beteken het sy kon nie in die ensemble-stukke speel nie.

Ayden sê haar gunstelingdeel van die hele ervaring was die bande wat sy met die res van die geselskap gesmee het. "Baie van die graad 8's wat ingekom het, sê hulle was aan die begin bang vir my. Ons het later mekaar so goed geken, tot op die punt dat ons begin baklei het."

Was daar enige drama tussen die akteurs? Ayden huiwer nie 'n oomblik nie. "Oooooohhh daar was BAIE drama. Dit was heeltyd een spesifieke persoon of een groep wat met 'n ander baklei." Skinderstories is versprei, veral toe spanning begin hoog loop dae voor die openingsaand. Hulle het gelukkig agtergekom dat die toneel en die drama nie tegelyk kan voortbestaan nie. Die grootste sondaars het selfs indiwieel na mekaar gegaan en dit, volgens Ayden, "face to face gaan uitsort".

Juffrou Malan, die regisseur, kan ook getuig hiervan. "Daar's altyd drama, maar hulle leer hoe om dit onder mekaar uit te sorteer. Dit maak hulle sterker, die intensheid van 'n musiekblyspel bou karakter. Selfs met die drama was die oorwegende gevoel onder die geselskap steeds samesyn en gemeenskap.

"In Hairspray en Matilda en Fame het almal groepies gehad. Jou groepie het daar gesit en my groepie het daar gesit. By R&J was almal welkom, selfs al praat ons nie baie nie. Almal kon net saamsit en gesels."



“My gunstelingand was definitief die laaste een. Ons het almal agtergekom dis nou amper verby, en ek het besef dis my laaste musical ooit.”

Vir Juffrou Malan was die lekkerste deel van die ervaring om te kan sien hoe kinders as mense en kunstenaars groei. 'n Stil, skaam kind loop by die eerste repetisie in, en teen die laaste aand het hy klomp vriende in verskillende grade waarmee hy vir die res van sy hoërskoolloopbaan 'n konneksie het. Hulle groei ook as akteurs en ontwikkel hulle talente. Mense wat nooit voorheen sou dink daaraan om op 'n verhoog te praat nie, kom vra later of hulle ook 'n stukkie dialoog kan kry. “Die musical gee jou nie net 'n platform om nuwe vriende te vind nie, dit help jou om jouself te vind.”

Die res van ons het net ingestap en die musical geniet, onself verloor in die romanse en die musiek. Maar die onsigbare, die stories en ervarings, die bande tussen elke akteur en aktrise, die vieruurlange oefensessies vyf keer per week, die moeilike tye, amper-armbreke en die blywende effek op hul vriendskappe en liefde vir musiek? Dit is die rede vir die ekstra-spesiale iets wat jy in die lug gevoel het tydens die vertoning. Dít is waaroor R&J eintlik gegaan het.

R&J

R&J neem die klassieke storie van Romeo en Juliet en maak dit meer relevant en modern. Remini is gebore aan die blou kant, wat die werkersklas is en as slawe vir die goue mense werk. Die goues, waarvan Juliana een is, sien hulself as beter. Juliana en Remini vind mekaar en word verlief, maar moet 'n manier vind om hul verhouding te laat werk tussendeur die onregverdige reëls van die samelewing en groeiende revolusie.



REGINA MALAN

Juffrou Malan is 'n musiekjuffrou en regisseur van R&J. Sy is ook 'n opera-sanger en akteur. Haar ma het altyd musiek in die huis gespeel en sy het grootgeword met 'n liefde daarvoor. Toe sy in graad 11 Londen toe gaan, het sy Wicked gaan kyk. “Dit het my lewe verander.” Sy het toe opera gaan studeer in plaas van kriminologie, soos sy oorspronklik wou.



AYDEN FEBRUARIE

Ayden Februarie het die rol van Juliana vertolk. Ayden speel al van graad 8 af in elkeen van die skool se musiekblyspele en is ook 'n rasieler. Haar gunsteling-aktiwiteite is dans en sing, en sy dink daaraan om volgende jaar na die Waterfront Theatre School te gaan omdat hulle fokus op dans en sang is. Sy sê sy sal selfs bereid wees om met volgende jaar se musiekblyspel uit te help as choreograaf! Ons hou maar 'n oë op Broadway vir as sy een van die dae haar verskyning daar maak ...

Jan van Riebeeck se beste Skrywers en digters

Hierdie skryfwerk was toppresterdes by die nasionale POORT-skryfkompetisie.

kersfees is anders

deur Anna Dawes

kersfees is nou anders,
want ek is nou groot

mamma en pappa vra nie meer vir my kersfeeslysie nie
my presente sê nie meer "van Kersvader" nie
ek word nou wakker en ek voel nie soos 'n kind nie
ek bou nie meer sneeumanne op die strand
met sand wat vasklou aan my vel wat taai is van sonskerm nie

ek help nou in die kombuis
tussen die tannies, die vuil bakke
en die meel wat die toonbank bedek soos die sneeu wat ons nie kry nie
onder my voete vou slierte geskenkpapier
rooi en groen en wit
van die presente wat vinnig toegedraai moes word
omdat mamma heeltyd moeg is

maar
die geskenke lê nog steeds onder die plastiek kersfeesboom in die sitkamer
en die ornamente wat ek en my broer gemaak het 6 jaar gelede
laat die takke buig onder die gewig van die verf en klei en lint
die niggies en nefies gaan vanaand nog steeds saam kuier
toegedraai in komberse op die bank
terwyl ons geheime ruil

partykeer dink ek:
die hemel lyk seker so
met al die liggies en reuk van ouma se koekies
met die kersliedjies wat die mense in die strate sing
met oupa se lag wat die glase laat bewe

kerfees is anders,
en ek is nou groot

Die tiende verdieping

Deur Mia van den Berg

Die hysbakdeur het op die tiende verdieping oopgegaan en ek tuimel uit. Ek maak my oë oop en stoot myself stadig regop. Ek sukkel om op te staan; die klippe gly heeltyd onder my uit. Klippe? Nee, ek sit op 'n hoop bene, mensbene.

Ek skarrel van die hoop af. Waar op aarde is ek? Rondom my is dit net swart. Dis duidelik nie my woonstel nie. Ek beweeg weg van die bene voordat ek siek raak. Die lug is donkerblou met geel sterretjies en in die verte sien ek 'n huisie met 'n flou liggie. Ek begin stap.

Ek stap en stap en stap, maar ek sweer ek beweeg nie. Wat gaan aan? Ek gaan sit vir 'n oomblik.

Plof!

Ek val regdeur die grond in 'n gat in. Ek hyg na my asem en probeer my longe met suurstof vul, maar dis asof hulle vol gate is. Ek grawe in my baadjiesak vir my asmapompie, maar ek kry dit nie. Ek vind wel 'n goue sakkie en maak dit met bewende hande oop. Dit bevat tande. Ek druk my hand in my mond en besef met 'n nare gevoel dat dit my eie tande is.

Ek gooi hulle eenkant toe en klouter uit die gat uit. Stadig beweeg ek na die vreemde huisie toe. In die verte sien ek 'n figuur. Dankie tog, ek is nie alleen nie. Ek roep uit: "Hallo, kan jy my hoor? Ek's nie seker wat aangaan nie en..." Ek stop. Die figuur staar met geel oë na my, 'n baie aggressiewe paar oë.

Ek sweer ek't net my oë geknip en skielik is die ding voor my. Ek wil sê dit was 'n dier, maar wat ook al hierdie was, kan net as 'n monster beskou word. Dit gryp skielik my arm en ek wil nog skree, maar ek raak lam.

Ek word wakker in wat ek hoop sand is, maar nee. Ek lê op gebreekte glas. Elke beweging veroorsaak 'n miljoen snye. Ek staar na die lug waar daar in bloedrooi letters staan: "Welkom by die speletjie."



Anna en Mia saam met die ander Jan van Riebeeckers wie se tekste in die Poort ingesluit is (v.l.n.r.)

Werner Seraphim - Die goeie ou wees

Mia van den Berg - Die tiende verdieping

Lara Warren - vir ewig

Anna Dawes - Kersfees is anders

Alexandra Houlihan - in stukke verbrand

Liewe Coach,

Jy het van die eerste oomblik af 'n blywende indruk gemaak op my en die span se lewens, en ons sal al die herinneringe koester. Ek onthou toe ek my enkel by die proewe seergemaak het en jy my met soveel liefde "Voetjie" begin noem het. Jy het meer as net 'n afrigter vir ons span geword. Jy was 'n mentor, 'n inspirasie en 'n tweede ma. Jou aanmoediging, lag en liefde sal ons altyd bybly. Rus sag, Coach. Ons gaan jou ongelooflik mis.

- BROOKLYN HEYNES

Geliefde Coach Marlene

23 Julie 1968



22 Mei 2025

Ter herinnering aan Coach Marlene,

Coach Marlene was meer as net 'n netbalafrigter—sy was 'n mentor, 'n motiverende krag, en 'n bron van eindelose humor. Sy het elke eerstespan dogter persoonlik geken, nie net vir hoe ons op die veld gespeel het nie, maar vir wie ons was as individue. Op die oomblikke wat dissipline nodig was, was sy streng en gefokus, en haar standaard vir ons was hoog. Maar net so vinnig soos sy ons kon laat werk, kon sy ons laat lag—haar skerp sin vir humor en spontane grappies het elke oefening net 'n bietjie ligter gemaak. Haar passie vir die spel en haar toewyding aan elke speler het ons geïnspireer om ons beste te wees. Ek sal haar harde werk, haar geloof in ons vermoëns en die lag wat sy altyd gebring het, nooit vergeet nie. Dankie, Coach Marlene, vir elke les en elke herinnering wat ek vir altyd sal koester.

- SIMONAY JACOBS



'n Bloubul in die skadu van Tafelberg

Deur Liela Simpson

Aan die begin van 2025 het Jan van Riebeeck 'n nuwe onderhoof en Wiskunde-onderwyser gekry. Diegene wat by hom klas kry, kan nie ophou praat oor hoe 'n liewe mens en goeie onderwyser hy is nie. Maar wat is mnr. Faber se storie?

Hoekom het Meneer besluit om 'n onderwyser te word?

Ek beoog al onderwys van kleins af, en my onderwysers was op skool my rolmodelle.

Het Meneer al enige ander werke gehad?

Nee, ek was nog altyd in die onderwys.

Wat is Meneer se gunstelingvakke en hoekom?

Fisiese Wetenskappe en Wiskunde. Ek geniet probleemoplossing en die uitdaging daarvan.

Wat was Meneer se tweede opsie as onderwys nie sou uitwerk nie?

Ek het 'n graad in BRek, so ek sou waarskynlik 'n rekeningkundige kon word.

Wat is Meneer se gunstelingdeel van onderwys?

Ek geniet die werklike klasgee en interaksie met die leerders. Die mees lonende aspek is dat ek kan sien deur die leerders se uitslae hoe hulle verbeter en vorder en hoe ek kan bydra daarby.

Wat is Meneer se minste gunstelingdeel van 'n onderwyser wees?

Al die administrasie wat die WKOD vir ons gee.

As Meneer 'n dier was, wat sou Meneer wees?

'n Bloubul. Ek is 'n Bloubul.

Wat doen Meneer in Meneer se vrye tyd?

Ek sal TV-reekse kyk. Op die oomblik is ek mal oor The Big Bang Theory.

Wat is Meneer se guilty pleasure?

Ek hou nogals van McDonalds ...

Wat is Meneer se gunstelingplek?

Enige plek aan die Weskus, soos Lambertsbaai of Dwarskersbos. Ek hou van hoe rustig en kalm dit is.

Wat is 'n aanhaling waarvolgens Meneer lewe?

Doen alles wat jy doen voluit.

Wat is een ding wat ons nooit sal kan raai van Meneer nie?

Ek was 'n SA-gewigstootatleet.





Double, double toil and trouble, fire burn and cauldron bubble

MACBETH: RESENSIE

Luca Zulch

William Shakespeare se *The Scottish Play* of anders bekend as *The Tragedy of Macbeth* bly steeds 418 jaar later een van sy bestes. Die verhaal volg die *Thane* Macbeth op sy pad na mag en sy stadige verval tot boosheid. 'n Toneelspel met hekse, bloedige gevegte, moord en dubbelsinnige towerkuns kry dit nog steeds reg om die gehore van vandag te vermaak.

Die Jannies het hierdie jaar besluit om as deel van die Shakespeare Schools Festival hierdie toneel van Die *Bard* aan te pak. Met regisseur Nayla en juffrou Basson aan die stuur, is daar baie waarvoor 'n mens kon uitsien.

Nayla Walker in graad 11 het hierdie produksie aan die horings gegryp en dit heeltemal haar eie gemaak. Nayla vertel dat sy reeds laas jaar besluit het sy wil graag haar debuut in die wêreld van regievoering maak met 'n vertoning by dié toneelfees. 'n Vorige produksie *Love's Labour's* by die Shakespeare Schools Festival het gebruik gemaak van New Yorkse aksente en dit het volgens Nayla so goed bygedra tot die komediese element dat sy besluit het om met verskillende dialekte in haar eie produksie te eksperimenteer. Nayla vertel verder dat haar liefde vir *Western* musiek en films 'n groot rol gespeel het in die uiteindelijke besluit van die ruimte, storielyn en aksente vir haar weergawe van *Macbeth*.

Hierdie produksie van *Macbeth* het dus nie in die Skotse Hooglande afgespeel nie, maar in 'n goudstormlopera dorpje in die weste van die VSA.

Dis wat vir my veral uitgestaan het van hierdie stuk. Ek dink mense vergeet soms dat Shakespeare nie net bekend is vir sy tragedies nie (ek kyk na jou Romeo & Juliet), maar wel ook vir sy komediese elemente. Shakespeare het dit reggekry om humor op so 'n manier vas te vang dat dit steeds honderde jare later mense laat lag. Dit bevestig net die tydloosheid van sy stukke en, ja, dit is 'n pyn om sy komplekse versreëls vir die letterkundevraestelle te moet leer, maar tog bly dit insiggewend, want hy kry dit so ongelooflik goed reg om die menslike natuur in sy verhale uit te beeld.

Daar is baie wat Nayla se stuk 'n sukses gemaak het: die klem wat op komedie geplaas is en die vermoë om met die karakters te vereenselwig. Die jong akteurs se voordrag wat die gehoor gereeld laat uitbars het van die lag. 'n Toonverandering, 'n snaakse beweging gepaard met die *Southern* Amerikaanse aksent het die eeue oue woorde nuwe lewe gegee. Ek was veral beïndruk met die hekse. Hulle was vir my die hoogtepunt van die aand. Marilé Engelbrecht, Sophia Fourie en Ashlyn Alexander, ek dink julle het die gehoor so meegesleur dat ons almal ook al julle profesieë sou geglo het. Thomas Boshoff het ook 'n uitstekende werk gedoen met sy vertoning van die tragiese held van die storie. Thomas, daardie aksent het my vas oortuig dat jy eintlik werklik 'n Texan is! Vida Engels het die bloeddorstige Lady Macbeth se wreedheid oorgedra en haar laaste toneel waar die karakter aan totale malligheid ly, het sy op so 'n manier vertoon dat dit rillings by die gehoorlede se ruggrate afgestuur het. Al die produksielede wat nie prominente rolle gespeel het nie se gesigsuitdrukings en liggaamstaal het regtig gehelp om die hoofakteurs se dialoog ekstra woema te gee. Daar is mos nie iets soos klein rolle nie, slegs klein akteurs.

Ek dink almal wat by hierdie puik produksie betrokke was, kan beslis trots wees. Ons sien uit na wat julle volgende jaar op die planke gaan bring!


ROLVERDELING

Macbeth - Thomas Boshoff
Lady Macbeth - Vida Engels
Fortune Tellers - Ashlyn Alexander, Marilé Engelbrecht, Sophia Fourie
Macduff - Faith Maarman
Banquo - Xander Jansen van Vuuren
Ross - Olona Bala
Duncan - Francois Joubert
Malcolm - Emma Liebenberg
Donalbain - Johan Guelpa
Lennox - Manon
Murderers - Elizabeth Waltman en Imke
Angus - Elizabeth Waltman
Mentieth - Johan Guelpa
Seton - Emma Jonker
Porter/Messenger/Servant - Lebuneni
Fleance - Emil Kannemeyer

Beligting: Louis en Nico Botes



snatch



Regisseur: Guy Ritchie

Resensie deur Nayla Walker

Rolverdeling: Jason Statham, Brad Pitt, Alan Ford, Stephen Graham

In een van Jean de la Fontaine ('n Franse digter van die 17de eeu) se mees bekende fabels oorreed 'n aap 'n kat om neut uit 'n vuur te haal sodat hulle dit kan deel. Maar terwyl die kat sy poot verbrand om elkeen uit te sleep, vreet die aap hulle vinnig op. Die kat word gelos om met leë, verskroeiende pote te staan.

In Guy Ritchie se bende riller-komedie, *Snatch* (2000), wat fokus op die kriminele onderwêreld in Londen (spesifiek in die Joodse diamantdistrik van Hatton Garden) ontmoet ons twee karakters wat binne de la Fontaine se raamwerk pas:

Die hoofantagonis van die film, die bendeleier Brick Top (Alan Ford), begin as Fontaine se aap. Ons word in 'n wêreld gegooi waar, as jy onder sy duim beland, die enigste uitweg deur die varktrog is ... letterlik. Die enigste katpote wat verbrand word, is die bokkers wat hy in die ring gooi, wat bloei vir weddenskappe en ego.

Wanneer Brick Top 'n 86 karaat 'neut' in sy gulsige klein aapvingertjies kry, kies hy egter die verkeerde paar pote om uit te buit. Want Mickey (Brad Pitt), die Ierse reisiger en 'n kaalvuiskokser, is nie net nog 'n 'kat' nie. Hy speel die rol van die bedroefde en beskeie 'Pikey' – totdat hy die speletjie binnestebuite keer.

Wat volg, is 'n briljant geregisseeurde, frenetiese stormloop van gevegstonele, dubbelkruisings en 'n vermiste diamant wat deur Guy Ritchie se kenmerkende doolhof van chaos en sjarme gejaag word. Onder al die stylvolle bloedvergieting gaan *Snatch* eintlik oor een ding: die kat wat uiteindelik die aap verbrand.



'N SWAAR LAS OM TE DRA



Cara Swanepoel



Een van die slegste dele van 'n skooldag is wanneer jy agterkom dat jy klas op die onderste vloer het en dan direk daarna, les op die boonste vloer. Daardie twee stappe trappe voel soos Tafelberg met 'n swaar tas wat elke tree ekstra moeilik maak.

Volgens die National Library of Medicine, moet jou skooltas nie meer as 10% van jou gewig wees nie. Die studie vertel verder dat omtrent 70% van alle studente se tasse swaarder is as hierdie voorgestelde beperking.

Die gevolge van hierdie oorgewig tasse is, onder andere, slegte postuur, spier- en rugpyn, nek- en skouerpyn en 'n abnormaal gekurfd ruggraat. Daar word ook spesifiek erge spanning op jou nek en skouers gesit vir diegene wat hulle skooltas op een skouer dra. Al die bogenoemde gevolge kan langtermyn skade veroorsaak indien die probleem nie aangespreek word nie.

Ongelukkig is die antwoord nie net om 'n ligter tas te pak of net om jou vakke vir die dag in te pak, soos baie grootmense voorstel, nie. Sekere vakke vereis verskillende handboeke en werkboeke vir die vak en baie leerders het ook al hulle vakke op een dag.

Die probleem kan wel verlig word as onderwysers leerders die dag voor die tyd vertel watter handboeke hulle benodig vir die volgende les in plaas daarvan om elke dag te verwag dat hulle alle boeke vir 'n spesifieke vak pak. Dit is erg frustrerend vir leerders om onnodige swaar handboeke saam te karwei wat nie eens gebruik word tydens die les nie.

'n Ander oplossing is om hokkies of spasies in die klaskamer te hê waar die leerders hulle handboeke kan stoor indien hulle klaar is met hulle werk. Dit sal defintief die lading verminder.

Die manier hoe jy jou tas dra, is ook 'n groot bydraende faktor tot die nagevolge van swaar tasse. Maak seker dat jou sak se bandjies styf genoeg gestel is en dat jou sak nie onder jou middellyf hang nie. Probeer om die sak se gewig te versprei deur jou sak op beide skouers te dra en organiseer die sak sodat al die swaarste boeke in die middel gepak is.

Hopelik sal ons 'n oplossing kan vind, sodat die trappe meer soos Seinheuwel in plaas van Tafelberg voel.



JAN VAN RIEBECKER VAN DIE KWARTAAL

Deur Stella Malan

Sebastian Henn

Sebastian Henn is 'n man van min woorde.

Onze Jan: Wie is jou sportheld?

Sebastian: Niemand.

Onze Jan: Waaraan dink jy terwyl jy hardloop?

Sebastian: Niks rêrig nie.

Onze Jan: Het jy enige interessante mense by die kompetisie ontmoet?

Sebastian: Nee.

Woorde is nie sy ding nie, maar hy maak daarvoor op met spoed. In Februarie het Sebastian die silwer medalje vir 1 500m in die Wynlande Internasionale Para-atletiekkompetisie gewen. Sebastian sê dis net die begin, want hy wil eendag aan die paralimpiese spele deelneem. Sy ouers het hom al op 'n jong ouderdom vertel van para-atletiek en hy wil al sy hele lewe lank dit doen.

Sy ma was 'n Springbok-onderwaterhokkiespeler en het hom in die laerskool al gemotiveer om atletiek te begin oefen. Hy het by die interhuis-atletiek aan die begin van die jaar uitgeblink en het aanhou oefen by die skool. Dr. Sors Joubert, JvR se atletiekhoof, het Sebastian se deursettingsvermoë en ywerige deelname raakgesien en hom daar en dan ingeskryf by Maties Parasport. Sebastian was bly om dit te hoor en het nog harder begin oefen om uiteindelik by sy eerste kompetisie al 'n silwer medalje los te hardloop.

Hy sê sy gunstelingdeel van die kompetisie was die resies en om eenvoudig te hardloop. Hy oefen steeds twee keer per week deur “net om die veld te hardloop”. In sy vrye tyd speel hy rekenaarspeletjies. Hy beskryf homself as vasberade en sê hy gee nie maklik op nie.

Dit bring ons terug na die nonchalante Sebastian en sy min woorde.



Onze Jan: Wat was die moeilikste deel van die oefening of kompetisie?

Sebastian: Uhhhh ... niks rêrig nie.

BREINVERLAMMING (CEREBRAL PALSY)

Serebrale gestremdheid is 'n groep bewegingsafwykings wat veroorsaak word deur skade aan die ontwikkelende brein, gewoonlik voor geboorte, tydens geboorte of kort daarna. Dit beïnvloed spiere, beweging en koördinasie, wat verskeie motoriese vaardighede en liggaamsfunksies beïnvloed. Mense met CP kan probleme ondervind om bewegings te beheer, balans te handhaaf en postuur te behou.



Jander

Graad 8

Emma Snijders



- Wat is jou "spirit animal" en hoekom: "Basic", maar 'n leeu; ek voel dit som my eienskappe baie goed op.
- As jy met enige ou van 'n film kon uitgaan, wie sal dit wees? Tristan Dugray van Gilmore Girls.
- 1ste op jou emmerlys: My nommer een is om uit te ruil na Suid-Amerika en 'n nuwe taal aan te leer.


Armand (Arras) Coetzer



- Wat's jou beste "pick up line": "My mom always told me to follow my dreams, so can you please keep walking."
- Fliekkarakter wat jou persoonlikheid uitbeeld: Goofy van Micky Mouse.
- "Unpopular" opinie waarvolgens jy lewe: You have to work to rest.

Graad 9

Daniel Wiliams



- Passies en belangstellings: Rugby, gym, surf, kos.
- Intressante feit van jouself: Al eet ek 12 bakke kos in 'n dag, is ek nog steeds honger
- My grootste rooi vlag is 'n groot ego en my grootste groen vlag is 'n groot hart hê.

Emma van Biljon



- Die tipe persoon waarna jy op soek is: 'n Lang, mooi ou.
- "Pro" van jouself: My blou oë.
- "Con" van jouself: Ek's langer as al die seuns.
- Afspraak wat jou asem sal wegslaan: Aandete by een van die restaurante rondom Clifton wanneer dit sons- ondergang is.

Graad 10

Sophie Wasserman



- Wat moet iemand doen om jou hart te wen? As hy die klein goedjies onthou, soos my gunsteling-band of goed wat ek nie van hou nie. Dit wys vir my jy gee om en jy luister vir my.
- Watse liedjie som jou persoonlikheid op: Valerie, Amy Winehouse.
- "Most likely ...to become a meme in my friendgroup"
- "Least likely ... to answer my whatsapps"


Zietsman Luther



- Beskryf jouself in drie woorde: Feministies, lank (6'5ft), ryk
- Belangrikste eienskap van iemand waarin jy belangstel: Sy moet goed wees met diere, snaaks en bruin hare.
- "Gesture" wat jy waardeer: As hulle moeite doen.

Graad 11

Linden Murray



- Watse liedjie som jou persoonlikheid op: Courage, the Villagers.
- "Two truths and a lie":
- Ek hou van stormagtige, winderige dae.
- Ek is 'n bordspel-fanatikus.
- Ek het 'n meisie.
- "Unpopularish opnion": Die berge is beter as die strand.

Mia van den Berg



- Beskryf jou tipe: Hy moet langer as ek wees. Ek hou van intelligente seuns, veral as hulle goed doen in wiskunde en fisika. Bonuspunte as hulle goed is in skaak.
- "Pro" van jouself: Ek is baie "easygoing".
- Nr. een op jou emmerlys: Ek wil baie graag al die kontinente besoek.

Graad 12

Klara Von Lieres



- Fliekkarakter wat jou persoonlikheid uitbeeld: Olaf van Frozen omdat hy nooit ophou praat nie en hy maak "corny" jokes.
- Iemand anders se grootste rooi vlag: As die ou controlling is
- "Two truths and a lie": Ek het twee vanne; ek het nog nooit enige bene in my liggaam gebreek of steke gekry nie; ek en my broer is nie BFF's nie!

Liam van Wyk



- Die tipe persoon na wie jy op soek is: 'n dame wat baie aantreklik is en aan goeie standaarde voldoen, bv. goeie persoonlikheid en maniere.
- Wat is iets wat mense nie van jou sou verwag nie: Ek's 'n betroubare persoon, iemand wat my als sal gee en altyd jou besluite sal respekteer en die "lover boy" wat baie dames dalk soek.
- Ek is "most likely" om kalm te bly in chaos, maar stres as iemand my beskuldig van dinge wat ek nie gedoen het nie.

paartjie van die Kwartaal:

Phillip en Chloe

Deur Lara-Lisa Senekal

1. Vertel ons 'n bietjie meer van hoe jul liefdestorie afgeskop het, hoe het jul ontmoet?

Philip: Ons het vir die eerste keer in in 2023 ontmoet, by die Lentebal. Chloe het eerste aan my getik en gevra om te dans, van daar af het ons net begin lekker praat.

Chloe: Ja, ek het hom eerste gevra om te dans. Ek het ook gevra vir sy nommer!

2. Wat was julle eerste indruk van mekaar en was dit akkuraat?

Chloe: Philip het voorgekom as 'n boerseun met goeie maniere en wat lekker kan dans, baie akkuraat!

Philip: Ek het glad nie geweet wat om te verwag van die random meisie wat my kom vra om te dans nie.

3. Watter oomblik in jul verhouding sal jul vir ewig kan oorspeel soos 'n film?

Chloe: Ek dink die eerste keer toe hy vir my gesê het hy's lief vir my. Ons was net besig om lekker te gesels toe sê hy dit net ... en toe sê ek dit terug.

Philip: Seker een van die kere wat Chloe by my kom kuier en ons maak lekker kos, speel goeie musiek en dans in die kombuis.

4. Wat is iets kleins wat jou altyd laat glimlag?

Chloe: Dis vir my altyd oulik wanneer Philip sonder dat ek vra vir my koffie maak of kos bring, hy weet net altyd hoe ek voel.

Philip: Ek glimlag altyd wanneer ek haar bel en wanneer ons moet baai sê vir mekaar dan wil sy nooit dooddruk nie, sy hou net aan gesels.

5. Chloe, hoe sou jy Philip beskryf in drie woorde?

'n Gentleman, netjies en hardwerkend.

6. Philip, wat sou jy sê is Chloe se spirit animal en hoekom?

'n Klein hasie, want sy is liefdevol, skaam en saghartig.

7. Julle is bekend as twee baie goeie dansers, watter rol speel julle liefde vir sokkie in die verhouding?

As ons nooit geleer het hoe om te dans nie, sou ons nooit mekaar gevind het nie. Dis definitief 'n goeie rede hoekom ons bymekaar is. Ons is regtig mal daaroor en sal selfs in die laat nagte nog probeer nuwe "moves" aanleer.

8. As julle 'n sokkieliedjie aan mekaar moet "dedicate", wat sal dit wees?

Chloe: Elke Liewe Ding, Eloff

Philip: Jou Tipe Boer, Brendan Peyper

9. Wat maak jul verhouding werk, selfs al is skool en lewe baie besig?

Kommunikasie en vertroue. Ons weet wanneer om vir mekaar spasie te gee wat baie belangrik is as 'n mens so besig is. Ons sal eerder vir mekaar vra oor klein goedjies soos "wanneer is jy klaar gewerk" en daai kommunikasie gebruik om net mekaar beter te verstaan.

10. Hoe hanteer julle enige konflik of klein jakkalsies?

Ons een reël is dat ons nooit kwaad vir mekaar gaan slaap nie, ons probeer alles net dadelik uitpraat anders ruk simpel argumente handuit. Ons praat ook dadelik met mekaar oor enige probleem, eerder as om eers na ons vriende toe te gaan wat regtig help.



Ommiehoekie...


Hierdie kwartaal was chaoties: toetse, sport, sosiale geleenthede ... Maar terwyl almal besig was, het ek nie van die ware vertoning vergeet nie: die drama wat stillettjies agter die skerms ontvou. Want maak nie saak hoe vol die kalender raak nie, ek het altyd tyd vir my liewe Jannies en hul behoefte aan sappige skinderstories.

Die graadagts was verbasend stil hierdie kwartaal, op die beste manier. Hulle het op een of ander manier die kuns bemeester om stout te wees sonder om onnodige drama te veroorsaak. Dissipline is 'n ander storie, maar skandale? Hulle is maar stil en vreedsaam. Die enigste nuus wat vir Skelmpie uitgestaan het, was ons plaaslike damesman, **Dillion**, wat net nie uit die nuus kan bly nie. Dillion, hoe lank praat jy en **Willandrea** al, of is dit nog iets nuut? Ek moet dit vir jou gee: as dit kom by verhoudings, speel jy nie. Die res was egter heel rustig. Kom ons hoop net dit bly so: Ek is nie lus vir geheime liefdesdriehoeke of katterige gevegte nie. Hou julle maar by julle huiswerk, vibes en leer dalk 'n bietjie respek vir die skoolreëls?

Die graadneges laat my gaap. Hulle is soos akademiese zombies. Altyd aan die studeer, skaars gesien, skaars gehoor. Hulle is soos biblioteke in mensvorm. Tensy jy in hul klas is of in 'n groepprojek met een is, ken jy waarskynlik nie eens hulle name nie. Maar één naam wat jy dalk al gehoor het is **Aiden Kruger**: Hy het glo 'n hele paar fans (ons noem maar liever nie name nie). Die ander celebrities in hierdie graad is **Angelo en Chloey**: die perfekte paartjie. Of so laat hulle dit lyk ... maar Chloey hou vir Angelo vas en maak asof dit **Dillion** is, want haar hart lyk of dit liever is vir 'n sekere Brown. Dis moeilik om die waarheid te aanvaar, maar Angelo Kapel moet oppas: Dillion is vinniger as jy en hy hardloop met jou vrou weg. Chloey, ek is nie kwaad nie. Ek is net teleurgesteld. Net een wenk: as jy 'n kat in die donker wil knyp, is die netbalbane nie 'n goeie plek vir stille liefde nie. Die koshuiskamers het vensters en graadagts het geen van hul eie drama om na te kyk nie. Ek kan wel sê dat hierdie drama 'n bietjie opmaak vir die res van die graad se gevrektheid, so dankie.

Die graadtiens is 'n interessante klomp. Hulle het hul oomblikke wanneer hulle iets vermaaklik vir hierdie blad bied, maar die meeste meng maar met die skare in. Daar is baie gespekuleer oor **Rudiel en Hanré** se “verhouding”, veral na die uitgelapte whatsapps met i love you's, maar dit is nie die ergste nie. Skelmpie was baie verbaas toe ek uitvind dat Rudiel en **Faith** ... susters is! Halfsusters om presies te wees, maar dit laat 'n mens wonder: Bestaan daar nog so iets soos “girl code”, of is dit iets van die verlede? Met hierdie kwessie in gedagte kan ek met sekerheid sê dat, alhoewel hulle nog nie hoofkarakters is nie, die graadtiens se storielyne stadig maar seker opbou. Ek kan iets voel broei. Gee hulle net nog 'n bietjie tyd, en kort voor lank word hulle selfs dalk ronde karakters.

Ek is baie trots op die graadelfs. Julle het duidelik my advies van laas kwartaal ter harte geneem, want julle het elke dag 'n hoër vlak van drama. En dis nie net subtiel nie, dis in jou gesig. Dit het 'n punt bereik waar ek begin dink het “asseblief, net nie vandag nie”. Maar soos altyd het ek geluister en notas gemaak. Oulike paartjies duik op waar hulle nie moet nie, en argumente word hard genoeg om te eggo. Hulle is chaoties, maar hulle gee darem vir ons 'n vertoning (al het ons nie kaartjies gekoop nie). Ek gaan liever dinge laat gis totdat die skuldiges hul stories agtermekaar kan kry, maar terwyl julle wag, liewe lesers: hou maar julle oë en ore oop en julle sal definitief iets kan uitvind.



Matrieks, ag my arme matrieks.
Enigiemand wat in hulle oë kyk, kan die moegheid sien: Hulle is moeg vir skool, moeg vir klas, moeg vir mense. Daar is nie meer tyd vir baklei of vir katterighede nie. Die enigste gevegte wat eintlik saak maak, is die oorlog teen eksamen en die stryd om hoërskool klaar te maak. En natuurlik die geveg teen sogenaamde laaste-vraestel-sindroom wat al teen die eerste week in werking tree. Ek is egter hier om my eerlike opinie te gee, en dit sal julle kry: Matrieks, kom oor dit. Ons verstaan julle is uitgeput, maar ons is ook. En ons is definitief moeg vir julle aanhoudende klaery. Waarvoor ons nie moeg is nie en nooit sal wees nie, is die druppeltjies drama wat steeds deursyfer.

Dis maklik om te vergeet van die matriekdans wat al aan die begin van die kwartaal was, en sommige probeer baie hard om die after party te vergeet. Skelmpie wil nou nie almal se geheime uitlap nie (veral omdat julle seker te “moeg” is om dit te kan hanteer), so ek sal maar by my gunsteling bly. Die liefdesdriehoek tussen **Nehemia, Aiden en Alex H** het sy klimaks bereik daardie aand. Julle kan maar self kommentaar daaroor lewer, ek wil nie te veel druk op julle sit nie. Daar is ’n ander kwessie waarby ek wil uitkom. My liewe **Jordan**: Skelmpie hou nie daarvan as mense naïef deur die lewe gaan nie, so laat ek maar die nuus breek. Ek sien hoe jy en **Simonné** weer close raak, en ek hou daarvan dat julle gelukkig is. Vra haar dalk net oor haar ou in Durbanville en haar bewerings dat jy net ’n “backup plan” is. Is julle besig om te kyk hoeveel keer julle mekaar kan terugvat terwyl julle nog in verhoudings is. Dis nou nie Skelmpie se koppie tee nie, maar “if you like it, I love it”!

So sluit nog ’n kwartaal van geheime, spanning en skuldige gewetes af. Die drama mag dalk afkoel, maar moenie mislei word nie, lesers. In hierdie skool bly die tee nooit lank koud nie. Gebruik dus hierdie vakansie om julle stories sappig te maak, julle skermgrepe geheim te hou en julle alibi’s sterk. Want as daar ’n storie is, sal Skelmpie uitvind. Hou dit oulik, hou dit slinks en onthou: Anonimiteit is ’n luukse ... en nie almal kan dit bekostig nie.

TOT VOLGENDE KEER.

XOXO, SKELMPIE



How to *lose* a Jannie in 10 days:

Lara-Lisa Senekal

Die volgende is voorbeelde van hoe enige Jannie afgesit word deur nie die kern Jan van Riebeecker-beginsels te volg nie:

1. Indruk by die snoepiery en dan nie kan besluit tussen ’n muffin of coke nie
2. Stap teen 0,4km/u in die gang en stop dan skielik
3. Enige onderwyser vra of daar huiswerk is
4. Die geeslied in die verkeerde toonaard sing
5. Om iemand te vra: “Het jy jou huiswerk gedoen?” terwyl hul duidelik besig is om af te skryf
6. Aan die verkeerde kant van die trappe loop
7. Die ideologie: “Ek’s eintlik baie slim, ek probeer net nie.”
8. Die jonger grade wat nie al die ou geesliedjies ken nie
9. Om te probeer ‘flirt’ in suiwer Afrikaans
10. Vir ’n onderwyser vra watter aktiwiteit om te doen en op watter bladsy, nadat hulle klaar dit al drie keer gesê het

Juffrou Steyn se glow-up

deur Memorie Ajuluchukwu





Daar was nie 'n dramatiese transformasie nie. Geen wilde kleure nie, geen volledige styl-hervorming, oorgaatjies of tatoes nie. Maar as jy onlangs aandag gegee het, het jy dit beslis agtergekom, juffrou Steyn se “glow up” is eg, en dis soort van ikonies op die mees “lowkey” manier.

Namens die HK's van die koshuis wil ons net sê dat die begin van haar “glow up” nie eers ons idee was nie, dit was hare. Na afloop van een van ons gewone koshuisvergaderings het juffrou Steyn die wonderlike idee gehad dat ons haar hare moet kleur. Ons almal speel toe saam, want ons dink sy maak 'n grap, maar spoiler: Sy het nie. Ons het na mekaar gestaar. Sy was heeltemal ongestoord. Na 'n bietjie gekreun, oërol en dramatiese sugte het ons toegegee, en met ons bedoel ek Lebu Salimani: die enigste een wat braaf genoeg was om die risiko te neem.

Ons sien 'n nuwe energie in haar styl. Niks “over the top” nie, net items wat haar beter pas, klere wat duidelik meer soos haar voel. Dink gemaklik, netjies en eerlikwaar, redelik cool. Daar is hierdie moeitelose atmosfeer in die manier waarop sy haar hare ook opsteek, asof sy nie hard probeer nie, maar steeds ten volle opdaag.

En die resultaat is duidelik sigbaar. Sy lyk net ligter. Selfs jonger. Steeds juffrou Steyn, steeds die koshuisma wat ons in toom hou, maar nou met 'n stil selfvertroue wat veroorsaak dat jy haar net wil komplimenteer. Wat dit nog beter maak, is hoe natuurlik dit alles voel. Dit gaan nie oor tendense of om iemand nuuts te probeer wees nie. Dit gaan oor klein veranderinge wat weerspieël wie sy nou is, en dit pas haar.


Juffrou Steyn is die lewende bewyse dat jy nie 'n volledige makeover nodig het om te gloei nie. Soms is al wat nodig is die regte haarkleur, 'n vars uitrusting en die selfvertroue om dit te besit.






ONNIE FOTOPAS

Hoe goed dink jy ken jy die onderwysers? Probeer om die onderstaande babafoto's by die regte onderwyser te pas. **Wenk:** Van die onderwysers het twee foto's wat by hulle pas!



Mnr. van Eeden



Juf. von Versen



Juf. Jansen van
Vuuren



Juf. Bezuidenhout



Juf. Turkstra



1



2



3



4



5



6



7

JanGrap

